NG Kerk Cambridge
Kerkraadsbyeenkoms Kerkhereniging

Saamgestelde verslag uit die groepe.

'n Inligtingsbiljet is deur die hele gemeente sirkuleer. Alle lidmate is daarmee bereik. Dit is onbekend hoeveel dit gelees het.

Ses groepe wat al die omgeegroepe en die wyke verteenwoordig het die byeenkomste bygewoon. Wyk sewe was die enigste wyk wat nie verteenwoordig was nie.

Vier en dertig persone het die groepe verteenwoordig. Dit is 10% van die gemeente wat aktief met die proses betrokke was.

Oor die res wat dit nie bygewoon het nie kan 'n mens wyd bespiegel. Die Kerkraad se mening is dat almal ingelig was, en dat dit hul op die staduim nie meer pla dat kerkvereniging plaasvind nie. As hul nie ten gunste daarvan was nie sou hul waarskynlik na die vergadering toe gekom het.

1. Konfessionele Basis
    a. Al die groepe op een na het geen probleem met die Belhar belydenis en die voorgestelde hantering daarvan nie. Twee groepe, van een en twintig persone, het gevoel dat punt een en ses teenstrydig met mekaar is. Een van die groepe met nege persone het gevoel dat punt ses weggelaat moet word. Beide groepe beveel aan dat 'n Herenigde nuwe geloofsbelydenis opgestel moet word en dat lidmate groei na aanvaarding daarvan. Een groep het ook gevra dat die Gereformeerde belydnis ononderhandelbaar is. Veral in die geval van assosiasie lidmaatskap.
2. Die model
    a. Al die groepe is dit eens dat daar niks skort met die aanbevelings nie. Soveel as moontlik kerke moet betrek word. Die groepe het ook gevra dat 'n Gereformeerde belydnis ononderhandelbaar is. Veral in die geval van assosiasie lidmaatskap.
3. Gesamentlike Projekte
    a. Daar bestaan reeds op 'n klein skaal gesamentlike projekte, veral op die gebied van armoede verligting. Die werksaamhede moet bespoedig en uitgebrei word. Dit moet nie op gemeentes afgedwing word nie, het twee lidmate gevoel. Dit moet 'n proses wees wat geleidelik implimenteer word.
4. Versoening
    a. Al die groepe is dit eens dat versoening baie belangrik is. Dit moet onmiddellike aandag kry en die herenigings-proses moet nie

daardeur vertraag word nie. Versoening is net moontlik binne Christelike waardes, sonder politieke inmenging.

b. Verskeie name vir die herenigde kerk is geopper: NG Kerk in Afrika; Herstigde NG Kerk; Herenigde Gereformeerde Kerk in Afrika; Herenigde NG Kerk; Verenigde NG Kerk en Nuwe NG Kerk in SA.